AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

# *Voltydse junior dosent:* REKENAARWETENSKAPPE

PAARL

Akademia is 'n Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het vanaf Januarie 2027 op die Paarl-kampus 'n voltydse pos vir 'n junior dosent in Rekenaarwetenskappe in die Departement Rekenaarwetenskappe in die Fakulteit Natuurwetenskappe beskikbaar.

## POSDOELSTELLING

'n Dosent is daarvoor verantwoordelik om gehalteonderrig aan studente te bied deur innoverende klasaanbiedings en leerervarings. Die pos vereis dat akademiese take, navorsing en innovering asook akademiese gemeenskapsdeelname ywerig verrig word. Die vorming van studente tot goedgevormde mense word hoog op prys gestel. 'n Dosent streef daarna om as leier op 'n vakgebied erken te word en streef verdieping in alle klasaanbiedinge na.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- voorbereiding en dosering van die moduleinhoud
- kurrikulumontwikkeling
- navorsing op vakgebied ter ondersteuning van onderrig en leer, en professionele ontwikkeling
- opstel van assesseringsaktiwiteite
- akademiese gemeenskapsdeelname
- akademiese en administratiewe ondersteuning
- lewering van bystand en akademiese ondersteuning aan studente

## POSVEREISTES

- 'n meestersgraad in Rekenaarwetenskappe (kandidate met 'n honneursgraad en ervaring in onderrig of opleiding sal ook oorweeg word)
- kundigheid en ervaring in die spesialisareas van sagteware-ontwikkeling
- kennis van een of meer rekenaartale
- geen tot drie jaar se hoëronderwyservaring of ervaring in onderrig of opleiding
- kennis van wolkverwerking en net-gesentreerde programmering
- kennis oor versnitte leer (*blended learning*)
- blootstelling aan en vorige gebruik van onderwysmedia

## VAARDIGHEDE

- sterk verbale en geskrewe kommunikasievaardighede
- interpersoonlike vaardighede
- prioritiserings- en tydsbestuursvaardighede
- onafhanklik in 'n spanverband funksioneer
- inisiatief kan neem
- oplossingsgedrewe
- vermoë om werk onder druk te voltooi
- 'n liefde vir Afrikaans
- 'n ambassadeur vir Akademia wees deur te help om die instelling uit te bou

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen.** Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op 13 September 2026 ingedien word.** Stuur 'n e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.